

## VERHOUDINGS: RIEKERT BOTHA

### Sessie 2: God se standaard van sukses

Kyk sessie 2 van Verhoudings

<https://www.rightnowmedia.org/Content/Series/393402?episode=2>

#### Lees die volgende Skrifgedeeltes:

**1 Joh 4: 7:** (Nuwe vertaling) Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.

(Ou Vertaling): 7 Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.

**Joh 13: 34:** Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

**Joh 14: 21:** “Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.”

**Luk 6: 47:** “Watter sin het dit dat julle My aanspreek met ‘Here, Here!’ en nie doen wat Ek sê nie?”

#### Dink oor die volgende vrae:

1. Wat is volgens jou die kerngedagte van die videosessie?
2. Watter gedagtes in die teksgedeeltes staan vir jou uit?
3. Waaraan meet mense sukses? Hoekom dink jy is dit?
4. Wat is Jesus se maatstaf vir sukses?
5. Dink vir 'n oomblik oor die ware self en die vals self:
  - Die **vals self** is die beeld wat ek van myself het, waar ons ego baie sterk na vore kom, ons begeertes, ons behoeftes, ons soeke na oorlewing, die maskers wat ons opsit om te kan oorleef, of om beter te lyk in ander se oë. Die leuens van ons vals self nl: Ek is wat ek het (besittings), ek is wat ek doen (my werk, my vermoëns, my intelligensie, my prestasies) en ek is wat ander van my dink of hoe hulle teenoor my optree.
  - Die **ware self** is wie ons regtig is, wie ons is as ons broos (naak) voor God staan, my identiteit in Christus.

Wat moet in jou lewe verander sodat jy suksesvol in God se oë kan wees?